durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

14 April 2019

**14 April 2019, Preekreeks TRINITEIT: SEUN SEWENDE LYDENSWEEK**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Gemeenteontwikkeling**

**18 April 2019**

| | |
|---|---|
| 19:00 | **LYDENSNAGMAAL**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Radio Kansel**

**19 April 2019 GOEIE VRYDAG**

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Erediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Radio Kansel**

**21 April 2019 PAASFEES Preekreeks TRINITEIT: SEUN**

| | |
|---|---|
| 09:00 | **Familiediens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Johan Els* |


**Deuroffer: Borg-'n-Kamer**

# Triniteit - SEUN

**Ons jaartema: "Lewe in Sy lig" word deur die boek Experiening the Trinity van Joe Thorn in kwartaal 1-3 toegelig en daarmee saam het ons 'n gebedsprogram.**

**In die tweede kwartaal fokus ons op Jesus die Seun - gepas in Paasfees.**
Die name van Jesus , soos ons dit in die Bybel lees, is 'n padkaart om ons meer van Jesus se karakter te leer. Sy name is vir ons 'n manier om Hom beter te verstaan en 'n intiemer begrip van Hom te kry en daardeur ervaar ons verskeie elemente van sy karakter. Jesus se Name daag ons uit, inspireer ons, troos ons, motiveer ons en bemagtig ons.

Sewentien van Jesus se karaktereienskappe is opgedeel oor 7 weke en dit is dan ook die preektema's vanaf 7 April tot 19 Mei 2019. Let ook asseblief op die Gebedsprogram wat handel oor Jesus se name, saam met die preekprogram.




Ds Johan het verlede week gepreek oor Jesus se menslikheid.

**Vrae wat ons kon oordink daarna:**

Lees weer **1 Timoteus 2: 1 – 6**. Wat val jou op in die teks?

Hoe laat dit jou voel om te dink dat Jesus 'n mens was net soos ons?

By watter emosies wat Jesus gehad het vind jy aanklank (blydskap, woede, angs, hartseer?)

Hoekom is dit belangrik dat Jesus ook God was? Wat gee ons op as ons NET aan hom dink as 'n mens?

Wat beteken Paasfees vir jou? Hoe vier jou familie dit?

**Hoe bid ons? –** Bid tot Jesus, wat ook ***Immanuel*** genoem word. Immanuel beteken God met ons.

"Die maagd sal swanger word! Sy sal aan 'n seun geboorte gee. En die mense sal Hom ***Immanuel*** noem." **Matteus 1:23**

**Hoe luister ons? –** Bid oor die volgende vrae:

- Wat leer die naam ***Immanuel*** vir my van Jesus?
- Wat leer die naam ***Immanuel*** vir my van myself?
- Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek Jesus se naam, ***Immanuel*** beter verstaan?

## NUUS:

16 April: Nuwe lidmate verwelkoming
18 April: Senior Huisbesoektee
18 April: Lydensnagmaal 19:00
19 April: Goeie Vrydag 9:00
21 April: Paasfees
18 -21 April: Heuningvlei Familiekamp & Uitreik
23 April: Doopkategese
27 April: Betesda-mark

## Kom Beleef Paasfees!

Baie van ons ken die verhaal van Goeie Vrydag en Paassondagoggend, maar het jy dit al beleef? Paasfeesprediker: Ds. Johan Els

**Donderdagaand 18 April 19:00** gaan ons 'n **virtuele toer van die Tabernakel** onderneem en beleef hoe Jesus elke aspek daarvan vervul. Ons gebruik ook saam Nagmaal.

**Vrydagoggend om 09:00** gaan ons kyk na **skilderye van die Kruisverhaal**. Wat sien jy? Wat beleef jy?

**Sondagoggend 09:00** is **Feesvierdag**! En dis 'n **verrassing**...

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep




**WONDER JY OOR ONS UITREIKBEDIENING?**

Kleingroepe, families, senior Bybelstudiegroepe kom wees deel van die Amazing Race op 1 Mei 9:00 tot 12:00.

Hierdie ontdekkingsreis gaan prettig wees, maar jou meer leer oor waar Bergsig se Geloofsgelofte-Offergelde spandeer word.

Kom word prakties deel van die ervaring.

**Amazing Race:**

Wat is dit? Die Amazing Race, is 'n pretroete wat gery gaan word ter insameling van fondse vir Geloofsgelofte-Offers (GGO). Die hoofdoel is dat gemeentelede meer te wete kan kom oor Uitreik projekte en ook fisies vier van ons projekte kan sien op hierdie roete.

Die duur van die reis is omtrent so 3 ure (9-12) en in totaal 50km. Dit gaan afskop by die kerk en ook weer eindig by die kerk.

'n Inskrywingsfooi van R100 word gevra. Die deelnamer kan self besluit aan watter projek in die GGO boekie sy inskrywingsgeld oorbetaal moet word.

Daar sal 'n keuse van vier verskillende roetes wees. Jy gaan een ry. Daar is pryse te wen - by elke uitreikpunt sal daar 'n vraag of twee gevra word, waarvan die inliging in die GGO boekie beskikbaar sal wees. Die antwoordblaaie word ingehandig by die eindpunt.

Verversings, wat 'n klein middagete soos 'n boereworsrol kan insluit, sal by die eindpunt te koop aangebied word.

Alle fondse wat ingesamel word die dag, gaan ten bate van projekte wat deur ondersteun word.

Om in te skryf kontak: uitreike@bergsigdv.co.za

## Heuningvlei-Cederberge

**Net een kamp plek oor navrae:**

**jaco@memoryinstitute.co.za**



### Durbanville Kinderhuis PAASPROJEK

Jy kan PAASVREUGDE bring in die kinders se lewe wat nie huis toe gaan oor die langnaweek nie.

Paaseiers vir 'n Paaseierskattejag
Bederfpakkies (met 'n spesiale boodskappie en lekkergoed in)
Lekkergoed (chips, warm sjokolade, koekies, springmielies en geurmiddels, ens.)
Speletjies (binnenshuis en buite) & DVD's
Fondse vir Paasfees kan inbetaal word.
Navrae: Melanie Stipp marketing@durbanvillekinderhuis.org.za




**HET JY 'n PREEK GEMIS?**

Ons poog om alle preke op die web beskikbaar te stel vir lidmate om te luister. Met groot uitsondering ondervind ons soms tegniese probleme en is dit nie moontlik nie. Gaan luister gerus by www.bergsigdv.co.za by die skakel MEDIA/preke.

# Voorbidding

*Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za*

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wouter Grové (13 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Amanda Bleuler | Cabernetslot 21, 021 9761659 | Man oorlede | Troos en bemoediging |
| Hammies Mouton en kinders | Randstraat 17, 082 377 5444 | Vrou en ma oorlede | Troos en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kanker diagnose | Herstel en bemoediging |
| Babs Cronjé | Fairtrees 17, 021 979 3019 | Operasie | Herstel en bemoediging |
| Magriet Roeland | Fairtrees 12, 072 715 1881 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Johan Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Herstel na hartaanval | Herstel en bemoediging |
| Vickie Esterhuyse | Manor on Lordswalk 1 | Rugoperasie | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Mediese behandeling | Bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8., 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

**Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106**

## NUWE LIDMATE

**Kom sê hallo by die ontvangstoonbank!**
**Kontak die kerkkantoor as jy wonder hoe om lidmaat te raak administrasie@bergsigdv.co.za**

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**




Maintenance of commercial, industrial and residential properties

Painting & waterproofing
Drywalling, plumbing & electrical
Laminated flooring & tiling
Roof repairs
Gutter & downpipe cleaning
BICS - Installation and repairs

FREE QUOTATION

084 610 1739
leon@makariosms.co.za

makarios
maintenance solutions

## DURBANVILLE-BERGSIG: VAKANTE POS - LOFLEIER

Persone wat by die informele erediens leiding kan neem met lof-en-aanbidding deur musiek, is welkom om aansoek te doen.

Die volgende sal van so 'n lofleier verwag word:

- Kan self sing en 'n musiekinstrument bespeel.
- Met selfvertroue en gemak voor 'n gehoor optree.
- Goeie menseverhoudinge handhaaf en goed in spanverband funksioneer.
- Oor nodige musikale vaardighede beskik om "chord sheets" te kan opstel.
- Op sekere Sondae die musiek in die kerk lei saam met die orkes asook die voorafgaande orkesoefening beplan en lei.
- Kennis van geestelike musiek asook klank- en beeldondersteuning word sterk aanbeveel
- Integrale betrokkenheid by erediensbeplanning, liedkeuses wat aansluit by teks en tema, sirkulering van bladmusiek/chord sheets aan orkeslede en kommunikasie soos per riglyne met ander partye betrokke by erediens.

Lofleiers word per speelbeurt vergoed.

Indien verdere inligting verlang word, kan ds. Johan Els gekontak word by ds.johan@bergsigdv.co.za of 021 976 4106.

Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van Diensverhoudinge jmnieuwoudt@icon.co.za teen 23 April 2019.

Die Dameskring bied aan:

11 Mei 2019

9:30 vir 10:00

R150 pp

Durbanville-Bergsig Gemeente

**Heerlike damesoggend met Dr Pieter van Jaarsveld wêreldbekende spreker.**

Hy kom wys hoe jy jou lewe kan omkeer met die "Dink jouself gelukkig" benadering.



Sy inspirerende boek is 'n praktiese gids wat geluk binne elkeen se bereik plaas. (*Die boek sal te koop aangebied word).

Kaartjies: Ilze Lammers
072 623 1967

## Durbanville/Bergsig Seniors Klub

Ons April vergadering vind plaas op

Datum: Donderdag 25 April 2019

Plek: Bergsig-Gemeente

Tyd: 9:30

Kom kuier, geniet en lag lekker saam met Elsabe Aldrich **(pretprater en motiveringspreker).**

Lede wat die uitstappie op Donderdag 16 Mei 2019 na Buffelsfontein (Weskus) wil meemaaak moet op Donderdag 25 April hul R100 per lid betaal.

# BERGSIG SE TUIN

*Nowhere is one nearer to God than in a garden*

Op die oomblik ervaar almal probleme met hul tuine te wyte aan die waterskaarste.

As gevolg van die omstandighede noop dit ons om ook te besin oor Bergsig se tuin en die manier van tuinmaak. Om die eindresultaat aanskoulik te maak en instandhouding te vergemaklik, is besluit om van potte/houers en klip gebruik te maak en dit met verskeie droogtebestande variëteite te beplant.

Houers is egter duur . 'n Eenvoudige houer (medium grootte) kos al ongeveer R400, terwyl 'n klein sakkie klip (medium grootte) ongeveer R100 kos.

Hier is 'n geleentheid vir u om van die potte wat by u rondstaan en waarvan u ontslae wil raak, vir die kerk se tuin te skenk. Miskien wil u 'n bydrae vir die aankoop van 'n nuwe pot of 'n sak klippe maak. Dit sal opreg waardeer word.

Voor Paasfees wil ons graag die kerk se tuin 'n bietjie opknap en 'n nuwe gesig gee om ons dankbaarheid te toon vir die hemelse voorraadskuur wat ons Vader oor Bergsig en sy mense uitstort.

Ons hoor graag van u indien u kan help. Kontak vir Andre by Bergsig of vir Rentia by Tel 021 975-1517. U ondersteuning sal opreg waardeer word. By voorbaat hartlik dankie.

# Seniors Huisbesoekkuiertee

Liewe Seniorlidmaat, al is dit vir ons onmoontlik om by elkeen persoonlik besoek af te lê wil ons tog saam met jul tyd spandeer. Ons hou 2 Huisbesoekkuiertee's gedurende die jaar, waarvan die eerste op 18 April 2019, by NGK Bergsig om 9:30 sal wees. By die geleentheid verwelkom ons alle seniors wat gebore is in die jare 1944 tot 1949 (almal wat vanjaar 70 - 75 jaar oud word). Indien jul kan saamkuier kan jul asb. die kerkkantoor laat weet voor of op 15 April 2019 voor 12:00.

**Let Wel: alle gades wat buite die ouderdomsgroep val is welkom om saam te kuier.**




Ysterplaat gemeenskapskerk bied elke jaar vir ongeveer 200 kinders tussen die ouderdom van 6-11 jaar 'n vakansieprogram aan.

Hierdie program behels 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite, soos sing, dans, drama, speel, kuns en Bybellesse. Ysterplaat benodig egter 20 energieke hoërskoolleerders/jong volwassenes wat by hierdie geleentheid elke dag kan dien as leiers.

Ysterplaat is 'n diverse maar komplekse gemeenskap wat uitdagings soos armoede en werkloosheid in die gesig staar. As gevolg hiervan is daar baie kinders wat swaarkry en op jong ouderdom op verkeerde plekke beland. Hierdie jaar gaan Durbanville Gemeente en Bergsig saam na Ysterplaat toe.

**Navrae: Scherlize Hayes Sel/ Whatsapp: 0728444771**
**E-pos: slizehayes@gmail.com**







# IDENTITEIT in Christus-kursus



As ek vir jou sou vra, "Wie is jy?" wat sou jy antwoord?

Ons sukkel baie meer met hierdie vraag as wat ons dink. 'n Christen kan en moet verseker weet WIE ons is in Christus.

As jy dit nie weet nie gaan jy altyd NET dit glo wat jou ouers gesê het, wat jy by jou vriende beleef het of hoe jy oor jouself "voel."

God wil graag hê dat ons identiteit in Jesus gevestig sal wees, want dit is die ENIGSTE waarheid oor jou wat 'n EWIGHEID sal vasstaan.

Kom woon gerus die vier weke lange kursus by

"Die Omgeruilde Lewe" op:

Dinsdag 7 & Woensdagaande 15, 22, 29 Mei (Aanbieder: Pieter Henning) 18:30 - 20:30 en Vrydagoggende 10, 17, 24, 31 Mei vanaf 09:00 – 11:00 (Aanbieder: Ds. Johan Els)

Koste R100 (notas)

R250 (Volledige Handboek).

**Bel Ds. Johan Els vir meer inligting.**






**Beste Gemeente,**

**Dis met groot opgewondenheid, maar ook met 'n bietjie hartseer wat ek hierdie boodskap aan julle skryf. Vandag is my laaste Sondag wat ek preek en hierna neem ek vir 4 maande verlof om my en Carlo se seuntjie wat op-pad is te versorg. Liewe gemeente, weet net al sien ons mekaar nie, bly ons in mekaar se harte. Julle is vir my kosbaar.**
**Ek sal voortdurend vir Bergsig bid en vir die Here vra om ieder en elk van julle in Sy hand vas te hou.**

**Met al my liefde Mizelle**






## Blikkiekompetisie wenners

**BAIE GELUK**

Naweek The Tops Gastehuis: Rosy Moloja

Skaap : W Heunis

Wyn: Annatjie Engelbrecht

Met dank aan ons kompetisie borge: The Tops Gastehuis, Phisantekraal Slagtery & Diemersdal Wynlandgoed




## 8 Mei is verkiesing in Suid-Afrika

In die Bybel lees ons dat ons moet bid vir die regering. Vir ons het dit moeilik geraak as ons eerlik daaroor is. Tog as ons regtig GLO behoort dit deel van ons daaglikse gebede te word.

Ons bid saam met "Jericho Walls International Prayer Network" die gebed:

*As corruption in SA continues to come to the light, President Ramaphosa will be confronted with more difficult situations. He has a great responsibility to take the right steps for the sake of righteousness.*

*Father of mercy, we lift up in prayer before Your throne of grace our President, his office and close counsel. Like David for Solomon, we pray for them all 1 Chron.28:9 – That you will know God and serve Him with a loyal heart and with a willing mind; for the LORD searches all hearts and understands all the intent of the thoughts. If you seek Him, He will be found by you; but if you forsake Him, He will cast you off forever. Father, we pray that You will keep them in perfect peace, whose mind is stayed on You, because they trust in You. (Isa.26:3).*

*We pray that through the work of the Holy Spirit, the mind of Christ will be formed in them all (1 Cor.2:16b), to do everything according to the will of the Father, in Jesus name we pray. Amen.*

For enquiries or new subscribers,
WhatsApp +27 84 506 9853.
Prayer resources:www.jwipn.com

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810**